## 23 April Lukas 24:1-12

### *Elke Sondag 'n feesdag*

Sondag word in ons tyd al hoe meer gebruik vir inkopies, grassny, sport en nog vele ander dinge wat nie tradisioneel 'n Sondagaktiwiteit was nie. Nou maak baie mense van Sondag 'n "Moenie-dag" en 'n "Mag-nie-dag". Dit gaan op 'n Sondag eerder om die gesindheid waarin ek die dag deurbring.

Dit was die dag na die Sabbat toe die drie vroue op pad was om Jesus te gaan balsem. Sabbat was 'n "Mag-nie-dag" vir balsem. Die Sondagmôre vroeg was hulle op pad. Juis op dié dag vind hulle die groot verrassing: Jesus het opgestaan, Hy lewe. Sondag is 'n feesdag. Elke Sondag herdenk ons die opstanding van ons Here Jesus Christus. Wat 'n wonderlike voorreg om elke Sondag herinner te word dat Jesus lewe, dat Hy in beheer van my lewe is.

Die gesindheid waarin ek die dag van die Here (Op 1:10) ervaar, gaan baie beslis bepaal wat ek op die dag gaan doen. As ek Jesus Christus van harte liefhet, gaan die gesindheid my ook dwing om waarlik sy dag vir Hom af te sonder.

Dit is die gesindheid wat gaan bepaal of ek kerk toe gaan.

Dit is die gesindheid wat my dwing om die Evangelie uit te dra met woord en daad, nie net op Sondag nie.

Dit is die gesindheid wat gaan bepaal of ek op sy dag met sy dinge besig sal wees.

Sing: Psalm 118:12 Ds. RA. Coetzee (Suidkus)